Aanhangsel L
Gedeelte_____

SPESIFIKASIES

A. Grondvulling in lae van hoogstens 150mm teruggevul, natgegooi en gekompakteer tot 95% Gew. ASSHTO digtheid. Grondvergiftiging volgens vervaardigersspes.

B. Betonfondamente volgens ingenieurspesifikasie.

C. Vogweerlaag BRICKGRIP 375um.

D. 85mm Beton beddinglaag, op GUNPLAS USB GROEN 250um. Ref. 193 maaswapening. 25mm vlaklaag om afwerking te neem.

E. Gepleisterde baksteenmesselwerk. BRICKFORCE elke 4de steenlaag. 12mm sementpleister en verfafwerking.

F. 200 x 100 beton plaveiselstene met afgeskuinste kante.

G. Gepleisterde baksteenvensterbanke.

H. 10mm Veselsement geperste “NUTEC” binne vensterbank. Donkergrys en ongeverf.

I. SA dennehout dakkonstruksie deur dakspesialis. Dakhelling = 30 grade. Plaatmetaal dak, golfsink met Chromadek afwerking op 50 x 76 SA dennehout daklatte.

J. 100 x 100 Chromadek afgewerkte plaatmetaal geut.

K. 100 x 75 Chromadek afgewerkte plaatmetaal afvoerpype.

L. Gepleisterde Gipsbord plafon op 38 x 38 SA dennehout plafonlatte met 50 mm Dakisolasie. Geprofileerde Polistireen kroonlys. Alle vertrekke en stoep, behalwe motorhuis, waar plafonne ‘n opsionele ekstra is.

M. Vloerlys – 100mm teëlstrook.

N. Aluminium/glas skuifdeur, (Natural annodized)
(Skuifbare insekskerms opsioneel – koste vir die koper.)

O. Standaard staalvenster met diefwering. Vensterrame om te voldoen aan SABS spesifikasie (FX7 raam profiel). (Insekskerms voor alle oopmaakseksies opsioneel – koste vir die koper.)

P. Standaard staal deurkosyn vir 110mm muur.

Q. Staal Seksionele motorhuisdeur met afstandsbeheer. Kleur soos deur argitek besluit.

R. Voorafvervaardigde Plaatstaal Braaikaggel met skoorsteendekstuk. (Megamaster)

S. 100 x 100 Weekstaal buisprofiel kolom.

T. Chromadek afgewerkte plaatmetaal nokdekplaat en gewel voegskort. (Gable trim flashing).

U. 228 x 12 mm Veselsement fassie en windveer.

V. Beton ventilator.

W. Chromadek afgewerkte plaatmetaal voegskort en dekstrook om waterdigte skoorsteen aansluiting te verseker.

DIVERSE ITEMS

- BINNEMURE Gladde sement pleister met hoë kwaliteit binnemuurse PVA verf.
- BUITEMURE "Scratch Plaster" met Dulux weatherguard.
- VLOERTEËLS Vloerteëls met teëlvloerlys regdeur. R60 per vierkante meter.
- MUURTEËLS Geglasuurde muurteëls tot plafonhoogte. R60 per vierkante meter.
- KASTE Melamien kaste getoon op plan. Kombuis en badkamerkaste met Formica blaaie. Sien bylaes vir alternatiewe en keuses vir afwerking.
- BUITEDEUR 8 paneel soliede Meranti deur in houtkosyn. Dubbele silinder deurslot.
- KOMBUISDEUR Indien van toepassing. Geraamde en geklampte meranti houtdeur met soliede rugpaneel. Dubbele silinder deurslot.
- BINNEDEURE Vlakpaneeldeur met gevormde patroon (TDM Albany) in staal kosyne vir 110mm mure. Eierdop emalje afwerking. 2-klawer deurslot.
- DEURHANDVATSELS Goeie kwaliteit (Slotte ingesluit)
- KRAGPUNTE Soos getoon. 600 mm van grondvlak tensy anders aangedui op die plan. Interkomverbinding na hek en admin kantoor.
- GEYSER 150 liter. Sonverhitting met elektriese bystand.
- STOOF 4-plaat elektriese "HOB" sonder oond. (LW geen elektriese oonde word toegelaat nie. Ondertoonbank gasoonde word wel toegelaat met koste vir die koper.)
- GORDYNSPORE Dubbel spoor
- STORTE Glas en Aluminium storthokkie soos getoon op plan. Mosaiek vloer. Hoogte verstelbare stortkop (handstort tipe). Badkamer/Stortvloer aansluiting sonder hindernis (stortdeur tot op vloervlak).Beddinglaag 50mm verlaag.
- HANDEWASBAKKE "Drop in" of "semi-drop in" soos getoon.
- TOILETTE "Close Couple" toilet met luukse sitplek.
- BADKAMER TOEBEHORE Toiletrolhouers, handdoekreëlings, seephouers en badkamerkassie. (Sien bylaag)
- SPIEËLS 1 X spieël/slaapkamer (1000mm x 400mm) op binnekant van kasdeur.

- TUINKRAAN 2 X geelkoper tuinkrane

- LOS TOEBEHORE Wasmasjiene, tuimeldroërs, yskaste, mikrogolf oonde ens. uitgesluit van koopkontrak.

- BINNE STEENWERK VIR DAKRUIMTE Brandmuur by motorhuis.

- WASTROG Vlekvrye staal wastrog

- BRAAIKAGGEL Voorafvervaardigde plaatmetaal kaggel met fabrieksgemonteerde elektriese lig plus een standaard lengte plaatmetaal skoorsteenpyp “Megamaster” 760 X 510 X 810

- WASGOEDLYN 2 X PVC bedekte gevlegde staal draad wasgoedlyn op gegalvaniseerde muurankers.

- Weergawe 21 Oktober 2010 -